



**NOTULE VAN 'N DRINGENDE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD,  
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 MAART 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bess, D G (DA)	Solomons, P E (DA)
Daniels, C (DA)	Stanley, B J (DA)
De Beer, J M (DA)	Stemele, O M (DA)
McQuire, V D (DA)	Van der Westhuizen, R F (DA)
O'Kennedy, E C	Van Zyl, M (DA)
Smit, N (DA)	

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J C Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie  
GOP/LED-beampte, me O Fransman  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

'n Woord van verwelkoming word gerig aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadsdames, raadslede, amptenare en lede van die pers.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Maart verjaar.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Z Bekebu, E S M Maart, F C Humphreys, N S Zatu, D B Philander, A M Sneewe, B J Penxa, C H Papers en L E Mfutwana.

Die Speaker spreek sy misnoeë uit dat die ANC-koukus dit nie belangrik geag het om hierdie dringende vergadering by te woon nie. Selfs die President en Ministers het dringend hulle skedules aangepas om maatreëls in plek te stel om na die gesondheid van die inwoners van Suid-Afrika om te sien.

Verder het die Weskaapse Departement van Plaaslike Regering in Omsendbrief C6 van 2020 gedateer 24 Maart 2020 versoek dat munisipaliteite poog om raadsvergaderings met die oog op die voorlegging van die konsep GOP en Begrotings voor/op 26 Maart 2020 af te handel.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen

4./...

#### 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

##### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 JANUARIE 2020

###### BESLUIT

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Januarie 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

###### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 22 JANUARY 2020

##### 5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 19 FEBRUARIE 2020

saamgelees met

##### NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 FEBRUARIE 2020

#### 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

###### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

##### 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 10 DESEMBER 2019

##### 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 3 FEBRUARIE 2020

##### 6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 5 MAART 2020

#### 7. SAKE VIR BESPREKING

##### 7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2018/2019 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 30 Januarie 2020 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat die Oorsigverslag opgestel is deur die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee op 12 Maart 2020.

Die Oorsigverslag op die 2018/2019 Jaarverslag word deur die Speaker tot stemming gebring en deur die Raad (in die afwesigheid van nege raadslede) EENPARIG beslis.

###### BESLUIT

- (a) Dat die Raad, gegewe hy die 2018/2019 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA);

7.1/...

- (b) Dat die 2018/2019 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;
- (c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;
- (d) Dat die 2018/2019 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA;

#### **BESLUIT VERDER**

- (e) Dat daar kennis geneem word, en aldus goedkeuring verleen word vir die betaling van die prestasiebonusse soos vermeld in paragraaf 3.1 van die Oorsigverslag.

#### **7.2 DERDE WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) jaarliks moet hersien. Die GOP dien as basis vir die 2020/2021 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel kortliks die wysigings aan die GOP en noem dat, weens die onvermoë van Nasionale en Provinsiale Departemente om uitvoering te gee aan begrote projekte, hierdie inligting nie meer in die GOP vervat sal word nie.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat belanghebbendes tot 30 April 2020 geleentheid sal hê om kommentaar op die konsep GOP te lewer.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van nege raadslede) eenparig beslis.

#### **BESLUIT**

Dat die -

- (a) derde wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP),
  - (b) die hersiening van die areaplanne, en
  - (c) die Finansiële Plan
- goedgekeur word.

#### **7.3 MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2020/2021; 2021/2022 EN 2022/2023 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES SOOS PER DIE VEREISTES VAN DIE 'MFMA' INSLUITEND IN-BEGINSEL GOEDKEURING VIR DIE OPNEEM VAN 'N LANGTERMYN LENING VIR DIE GEDEELTELIKE BEFONDSING VAN DIE UITBREIDINGS BY DIE MOORREESBURG EN DARLING RIOOLWERKE (5/1/1/1, 5/1/1/2-2019/20; 5/1/4)**

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen lê die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2020/2021, 2021/2022 en 2022/2023 finansiële jare ter tafel soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 25 Maart 2020.

Die aanbevelings/...

7.3/...

Die aanbevelings voor die Raad, soos oorweeg tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Maart 2020, word deur die Speaker tot stemming gebring (in die afwesigheid van nege raadslede) en word –

### EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2020/21 – 2022/23 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (b) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2020/21 – 2022/23 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

<b>FINANCING SOURCES</b>	<b>Draft Budget 2020/2021</b>	<b>Draft Budget 2021/2022</b>	<b>Draft Budget 2022/2023</b>
External Loans	R 25 000 000	R 25 000 000	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 105 626 282	R 85 828 042	R 72 522 640
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 183 000	R 22 700 000	R 23 810 000
Dept. Human Settlements	R 48 474 000	R -	R 36 760 000
Integrated National Electrification Programme	R 7 652 000	R 5 000 000	R 5 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 70 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 3 000 000	R -	R -
Community Safety Grant	R 611 600	R 55 000	R -
Fire Service Capacity Building Grant	R 732 000	R -	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 4 000 000	R -	R -
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>R 216 348 882</b>	<b>R 138 583 042</b>	<b>R 138 092 640</b>

- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 2 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die Raad daarop let dat die opgradering van beide die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke 'n impak gaan hê op die buite jare; i.e. vanaf die 2022/23 finansiële jaar en verder en daarom word die proses soos voorgeskryf in Artikel 33 van die MFMA vereis voor finale goedkeuring in Mei 2020;
- (f) Dat die Raad die aankoop van die Nedbank en Standard Bank geboue goedkeur ten bedrae van R 20 650 miljoen vir doeleindes om eie geboue te besit om sodoende die risiko te versag van verhoogde huurgeld vir die "Checkers", "Santam" en "Pep-geboue", insluitende die koste-byvoegings van ongeveer R 6 miljoen wat benodig word om die omskakelingswerke wat nodig is om die 2 geboue oor die MTREF te operasionaliseer, te bewerkstellig, met die Standard Bank gebou wat eerste beskikbaar word vir voormelde doel **(Annexure E)**;
- (g) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A, Section 1: 2020/21 – 2022/23 Draft Budget and Tariff File)**;

7.3/...

- (h) Dat die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2020/2021 tot 2022/2023 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2019/20	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2019/20	Konsep Begroting 2020/21	Konsep Begroting 2021/22	Konsep Begroting 2022/23
Kapitaalebegroting	143 857 572	140 815 524	216 348 882	138 583 042	138 092 640
Bedryfsuitgawes	749 828 067	757 190 607	791 593 605	883 808 881	921 507 325
Bedryfsinkomste	830 826 697	855 620 406	918 266 141	972 092 891	1 058 036 519
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(80 998 630)</b>	<b>(98 429 799)</b>	<b>(126 672 537)</b>	<b>(88 284 010)</b>	<b>(136 529 195)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	67 161 000	80 451 000	85 722 600	27 755 000	65 570 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(13 837 630)</b>	<b>(17 978 799)</b>	<b>(40 949 937)</b>	<b>(60 529 010)</b>	<b>(70 959 195)</b>

- (i) Dat die Raad in beginsel die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R 50 000 000 goedkeur vir die gedeeltelike finansiering van die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke in die meerjarige kapitaalebegroting vir 2020/21 tot 2022/23 finansiële jare, deur die mark te toets soos beoog deur die MFMA artikel 46 vir die versoek van tenders van die finansiële instellings;
- (j) Dat in beginsel goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die mark te toets vir doeleindes om uitvoering te gee aan Artikel 46 van die MFMA ten opsigte van die oopneem van 'n kapitale lening tot 'n bedrag van R50 000 000; ingevolge die vereistes van Artikel 46 van die MFMA vir die spesifieke doel om die voormelde rioolwerke gedeeltelik te finansier;
- (k) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en kortings vir die 2020/21 finansiële jaar goedkeur soos onder gelys en in die eiendomsbelastingbeleid vir doeleindes van publiek deelname;

<b>Property Categories</b>	<b>Rate (c/R)</b>
<i>Residential properties</i>	0,5354
<i>Vacant land</i>	0,7207
<i>Industrial properties</i>	0,7722
<i>Business and commercial properties</i>	0,7722
<i>Agricultural properties (used for agricultural purposes)</i>	0,1339
<i>Agricultural properties used for eco-tourism</i>	0,7722
<i>Agricultural properties used for trading in or hunting of game;</i>	0,7722
<i>Mining properties</i>	0,7722
<i>Properties owned by an organ of state and used for public service purposes</i>	0,7722
<i>Public service infrastructure</i>	0,0000
<i>100% Rebate to owners of public benefit organisations used for the public benefit listed activities</i>	0,0000
<i>Properties used for multiple purposes</i>	<i>Either 0,7722, 0,5354 or 0,1339, according to permitted use</i>
<i>Properties in rural area zoned for business or in respect of which consent uses have been approved in terms of the municipality's zoning scheme regulations</i>	0,7722

<b>Property Categories</b>	<b>Rate (c/R)</b>
<i>Municipal properties</i>	<i>0,0000</i>
<i>Informal settlements, including those on land which are not subdivided into residential ervens</i>	<i>0,0000</i>
<i>Property acquired through the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (126 of 1993) or the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act 22 of 1994) or Communal Property Association Act, 1996</i>	<i>Either 0,7722, 0,5354, according to permitted use</i>
<i>Conservation areas</i>	<i>0,0000</i>
<i>Protected areas</i>	<i>0,0000</i>
<i>National monuments</i>	<i>0,0000</i>
<i>State owned properties</i>	<i>0,7722</i>
<i>A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000</i>	<i>Qualifying senior citizens and disabled persons</i>

- (l) Dat die afslag aan kwalifiserende senior burgers en gestremde persone wie eienaars is van eiendom, beperk word tot 'n maksimum van R300 000 van die totale waardasie soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid; vir die 2020/21 finansiële jaar, waarna die impak van die korting geassesser word in die konteks van die bekostigbaarheid van die verbeurde inkomste;
- (m) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2020/21 – 2022/23 Draft Budget and Tariff File)** goedgekeur word met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (n) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep vir die 2020/2021 finansiële jaar goedkeur, met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;
- (o) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2020/21 – 2022/23)** goedgekeur word;
- (p) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide, die Kredietbeheer en Skuldinvorderings Verordening en Beleid asook die **wysigings** aan die Eiendomsbelasting Beleid soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget Related Policies 2020/21)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar, maar dat die wysigings aan die Deernisbeleid goedgekeur word met onmiddellike effek, dws vir 2019/20 en 2020/21 finansiële jare;
- (q) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R 2 003 144 vir die 2020/21 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (r) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:
- Ten opsigte van alle personeel, uitgesluit die Munisipale Bestuurder, CFO, Direkteure Siviele Dienste en Ontwikkelingsdienste, 'n verhoging van **6.25%** vir 2020/21; **6%** vir die 2021/22 en **6%** vir 2022/23 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerkverhoging;
  - Ten opsigte van die and artikel 56-aanstellings, 'n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2020 (verhogings van die direkteure: Korporatief, Elektries en Beskermingsdienste word gekoppel aan die ander personeelkoste wat onderhandel en bepaal word op nasionale vlak soos toegelaat);
  - Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);

7.3/...

- (s) Dat die Raad die addisionele verhoging in die salarisrekening ter waarde van R 7 480 miljoen goedkeur om die addisionele poste te finansier per **Annexure F** (dit hou slegs verband met die addisionele poste en nie die ander jaarlikse verhogings nie);
- (t) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die totale groei in uitgawes van **4.5%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar en groei in inkomste van slegs **7.3%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare:
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **10.9 maande** vir 2020/21, **9.6 maande** vir 2021/22 en **10.1 maande** vir 2022/23 finansiële jare;
  - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2020/2021 'n bedrag van **R 40 949 937**; 2021/2022 'n bedrag van **R 60 529 010** en 2022/2023 'n bedrag van **R 70 959 195 (kapitale toekennings uitgesluit)**;
- (u) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (v) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.4 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (w) Dat die Raad kennis neem van die inhoud van Nasionale Tesourie se Omsendskrywes 98 en 99 insake riglyne ten opsigte van die begroting;
- (x) Dat kennis geneem word dat met die implementering van die “Upper Limits” bestel daar ongelyke beregtiging is tussen die direkteure, deurdat die Direkteur: Finansiële Dienste die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste minder verdien as die ander, soveel so dat 'n afdelingshoof nou meer verdien as die betrokke direkteur;
- (y) Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 13(4) van die “Upper Limits” Kennisgewing 351 gedateer 20 Maart 2020, om aansoek om vrystelling te doen ten aansien van die Direkteur: Finansiële Dienste, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, weens die irrasionele ongelyke beregtiging waar afdelingshoofde meer verdien as direkteure;
- (z) Dat kennis geneem word van die moontlikheid van 'n Spesiale Raadsvergadering – soos en wanneer nodig – ten einde 'n aansuiweringsbegroting te oorweeg om die impak van die COVID-19 virus te bepaal en om voorsiening te maak vir die negatiewe impak van die Ramptoestand wat tans ervaar word;
- (aa) Dat kennis geneem word, met verwysing na Omsendbrief C6 van 2020 van die Weskaapse Departement van Plaaslike Regering gedateer 24 Maart 2020, van die verlengde tydperk vir kommentaar (meer as 21 dae) vir die publiek tot en met 30 April 2020, om addisionele geleentheid te gee om kommentaar te lewer, terwyl daar nie publieke deelname vergaderings sal wees nie;
- (bb) Dat die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder met volmag beklee word, gegewe die Ramptoestand as gevolg van die COVID-19, om binne die wetgewende raamwerk te oorweeg om, onder andere, nie elektrisiteitsmeters te blok nie (ook ten opsigte van dié meters wat reeds geblok is), rente op uitstaande munisipale rekenings terug te hou, verhoogde toekenning van gratis water en die aankoop van elektrisiteit met kredietkaart;
- (cc) Dat, ten einde effektiewe operasionele bestuur tydens hierdie staat van inperking te verseker, die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om die oorspandering van die rampbestuurs-, oortyd- en bystandsposte en enige ander pos wat geag word nodig te wees vir die bestuur van die COVID 19-pandemie goed te keur,

7.3/...

- (dd) met die oog op die uitvoering van die nuutste COGTA-regulasies vir hulp aan die gemeenskappe, insluitende die uitgawes wat nodig is vir die wetstoepassing- en verkeersbeamptes en enige ander personeel wat in hierdie verband pligte moet uitvoer buiten die normale oproep;
- (ee) Dat sodanige uitgawes in oorleg met die Rekenpligtige Beampte en Direkteur: Finansiële Dienste aangegaan word vir doeleindes van beheer van onvoorsiene en onvermydelike uitgawes wat aangegaan word as 'n direkte gevolg van die Munisipaliteit se pogings om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, op 'n latere datum goedgekeur word volgens die MFMA-vereistes of soos deur die Nasionale Tesourie aanbeveel.

#### **7.4 KONSEP 2020/2021 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die konsep 2020/2021 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aangehegte konsep 2020/2021 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

#### **7.5 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2020/2021 (15/1/B)**

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat die aangeleentheid oorweeg is tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Maart 2020 en het voorgestel dat die afslag van 40% nog steeds toegepas moet word. Die rede hiervoor is dat die Munisipaliteit in proses is om die Meesterplanne van Grootmaatdienste te hersien.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2020/2021 finansiële jaar goedgekeur word:
  - Greenfields"-ontwikkelingbydraes – Malmesbury (Bylae "A");
  - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
  - Ontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C");
  - Ontwikkelingsbydraes vir grootmaatdienste – Yzerfontein (Bylae "D");
- (b) 'n Korting van 40% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar toegestaan word;
- (c) Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan met betrekking tot die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;
- (d) Die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van ontwikkelingsbydraes op ontwikkelings van 100 m<sup>2</sup> en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar bevestig word;
- (e) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviële Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.



## **7.6 MUNISIPALE WYKSAFBAKENING VIR DIE 2021 PLAASLIKE VERKIESINGS (15/1/1; 17/17/1/1)**

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die voorstelle soos gesirkuleer met die sakelys vir voorlegging aan die Munisipale Afbakeningsraad.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat die sperdatum vir indiening van voorstelle deur die Munisipale Afbakeningsraad verleng is na 15 Mei 2020.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die konsep WC015 wyksafbakenings vir doeleindes van die 2021 plaaslike verkiesings soos verskaf deur die Munisipale Afbakeningsraad;
- (b) Dat die voorgestelde wysigings tot gemelde konsepte soos voorgehou in Aanhangsel B tot die verslag, goedgekeur word, en dat die voorgeskrewe vorms in hierdie verband deur die Munisipale Bestuurder voltooi en aan die Munisipale Afbakeningsraad voorgelê word.

## **7.7 ONREËLMATIGE UITGAWES SOOS GERAPPORTEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL IN DIE OUDITVERSLAG VIR 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (5/15/1/5)**

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die bevinding van die Ouditeur-Generaal met betrekking tot onreëlmatige uitgawes wat as uiters onbillik beskou word.

Die bevinding is gebaseer om MFMA Omsendbrief 96 gedateer 24 Julie 2019 wat strenger maatreëls bepaal vir die sogenaamde "piggy backing" proses wat die Ouditeur-Generaal dus terugwerkend toegepas het in Swartland Munisipaliteit se geval. Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat tydens die ramptoestand as gevolg van die droogte en met damvlakke op 14% daar besluit is om van Drakenstein Munisipaliteit se tender gebruik te maak vir die sink van boorgate om deurlopende watervoorsiening aan dorpe te verseker.

Die Ouditeur-Generaal is egter van die opinie dat 'n afwykingsproses gevolg moes geword het. Die gevolg is dat die Ouditeur-Generaal vereis het dat die uitgawes wat aangegaan is as onreëlmatig in die Finansiële State geopenbaar moet word.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl P E Solomons)

Dat daar kennis geneem word van die vordering met die voorlopige ondersoek deur die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die onreëlmatige uitgawes soos deur die Ouditeur-Generaal gerapporteer:

- (a) Die voorlopige ondersoek is afgehandel met betrekking tot die verkryging van goedere en dienste ingevolge die kontrak wat deur Drakenstein Munisipaliteit verseker is;
- (b) Die finale gevolgtrekking soos aangedui in die verslag is dat die Munisipaliteit die regte proses gevolg het en aan die vereistes van Artikel 32 van die SCM regulasie voldoen het toe hulle die goedere en dienste vir die Munisipaliteit aangekoop het ingevolge 'n kontrak wat deur Drakenstein verseker is;
- (c) Onvoldoende gronde bestaan om die uitgawes van R8 308 687.28 as onreëlmatig te beskou en daarom word aan die Raad aanbeveel dat dit nie 'n volledige ondersoek regverdig om vas te stel of enige amptenaar van die munisipaliteit 'n daad van finansiële wangedrag gepleeg het nie;
- (e) Die voorlopige ondersoek met betrekking tot die verkryging van dienste ten bedrae van R744 633,12 kragtens die kontrak wat deur die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit verseker is, word nog ondersoek.

## 7.8 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE DISSIPLINÊRE RAAD VIR AANBEELING AAN DIE RAAD (5/15/1/5)

Die doelstelling van die Dissiplinêre Raad is om as 'n onafhanklike adviserende liggaam te dien om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoek na finansiële wangedrag.

Die Dissiplinêre Raad moet uit vyf lede bestaan en het die lede wat tans op die Raad dien hulle bereid verklaar om vir 'n verdere termyn aangestel te word.

### BESLUIT

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat paragraaf 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* bepaal dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad nie 'n termyn van drie jaar mag oorskry nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van die kommentaar in paragraaf 2 van die verslag, die volgende goedkeuring verleen ten einde kontinuïteit in die bestaan van die Dissiplinêre Raad te verseker:
  - (i) die aanstelling van mnr C B de Jager as voorsitter van die Dissiplinêre Raad met ingang van 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2022 of tot 31 Oktober 2021 indien mnr De Jager se termyn as lid van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee nie verleng word nie;
  - (ii) die verlenging van die huidige ampstermyn van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, en die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh, vanaf 1 Januarie 2020 to 31 Desember 2022 en die Senior Bestuurder: Interne Oudit, mnr P le Roux, vanaf 1 Januarie 2020 tot 31 Mei 2021;
- (b) Dat vergoeding betaalbaar aan die eksterne lid van die Dissiplinêre Raad gelykstaande sal wees aan die sittingsfooi vir bywoning van vergaderings van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee.

## 7.9 MOSIE ONTVANG: VOORSITTER VAN PORTEFEULJE KOMITEE: MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (3/2)

Die mosie ontvang vanaf die DA-koukus is met die sakelys gesirkuleer en word –

### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat rdl E S M Maart as voorsitter van die Munisipale Bestuur, Administrasie en Finansieskomitee aangewys word met ingang van 1 April 2020 en dienoreenkomstig vergoed sal word;
- (b) Dat rdh R F van der Westhuizen met ingang van 1 April 2020 op die Ontwikkelingsdienste Portefeuljekomitee sal dien in die plek van rdl E S M Maart.

## 7.10 VOORGESTELDE SUBSIDIERING VAN VERKOOPPRYSE VIR ERWE IN SG. HUURGEBIEDE: WESBANK, MALMESBURY EN MOORREESBURG (12/2/B)

Die Raad het gedurende Augustus 2018 goedkeuring verleen vir die vervreemding van die sogenaamde huurgebiede in die munisipale area.

Die proses om 'n gesubsidieerde koopprys te bepaal is nou afgehandel vir oorweging deur die Raad.

### BESLUIT

(op voorstel van J M de Beer, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die grondwaardes vir die onderskeie huurgebied-eiendomme vasgestel word teen 10% van die munisipale waardasie, BTW uitgesluit, soos volg, om oordrag van die eiendomme in belang van die begunstigdes te verseker, ook ten aansien van daardie gevalle waar die notariële huurders nie van hul kompensasieregte afstand doen nie:

7.10(a)/...

<b>Erfnommer</b>	<b>Bedrag</b>
Erf 2905, 37 Malvastraat, Moorreesburg	R2 500,00 (10% van R25 000)
Erf 2913, 18 Petuniastraat, Moorreesburg	R2 510,00 (10% van R25 100)
Erf 2915, 14 Petuniastraat, Moorreesburg	R2 520,00 (10% van R25 200)
Erf 2920, 4 Petunastraat, Moorreesburg	R2 560,00 (10% van R25 600)
Erf 2395, Irisstraat, Malmesbury – Huurgebied 5 (een oorblywende eenheid)	R4 600,00 (10% van R46 000)
Erf 2395, Irisstraat, Malmesbury – Huurgebied 6 (twee eenhede)	R3 750,00 (10% van R37 500) per eenheid
Erf 2395, Irisstraat, Malmesbury – Huurgebiede 7, 8, 10 & 11 (agt eenhede)	R3 750,00 (10% van R37 500) per eenheid
Erf 3694, Tulpestraat, Malmesbury (ses eenhede)	R3 550,00 (10% van R35 500) per eenheid
Erf 4933, tussen Dahlia- and Wistariastraat, Malmesbury (ses eenhede)	R3 550,00 (10% van R35 500) per eenheid
Erf 3072, Dahlistraat, Malmesbury (twee eenhede)	R6 350,00 (10% van R63 500) per eenheid

- (b) Dat, aangesien 'n gesubsidieerde koopprys in hierdie geval van toepassing sal wees, die nodige meganismes met die hulp van die raadsprokureurs in die koopoooreenkomste ingesluit word ter beskerming van die Munisipaliteit se belange, bv. 'n beletsel op herverkope of voorkoopsregte, ooreenkomstig die mandaat wat reeds in hierdie verband op 30 Augustus 2018 aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste verleen is;
- (c) Dat alle ander bepalings in die raadsbesluit van 30 Augustus 2018 steeds van krag bly.

#### 7.11 **VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (NYWERHEIDSPERSEEL) TE DARLING (12/2/B)**

Die Raad beskik oor vakante industriële eiendom, Erf 984 (groot 9146 m<sup>2</sup>) gesoneer as Industriële Sone 2, geleë in Caledonstraat, Darling.

Dit word voorgestel dat Erf 984 by wyse van 'n openbare mededingende proses vervreem word.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendomme in Darling:
- Erf 984 (9146 m<sup>2</sup> groot), Caledonstraat, Darling
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as nywerheidsperseel geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:
- Erf 984 R683 500,00
- (d) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome vervreemding ontvang word; en om
  - die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;

7.11(d)/...

- (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;
- (e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koopoooreenkoms vervat staan te word, op gemelde koper van toepassing gemaak word.

Die Uitvoerende Burgemeester, alvorende die vergadering afgesluit is, gee inligting deur aangaande die COVID 19-pandemie en doen 'n beroep op inwoners van die Swartland munisipale area om gehoor te gee aan die maatreëls wat ingestel is om die verspreiding van die virus te bekamp.

**GETEKEN:  
SPEAKER**